# Hillcrest High School

Graad 11

# AFRIKAANS EAT VRAESTEL 1

JUNIE 2024

**PUNTE:** 80

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. L. Middleton

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord AL die vrae**

4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

   **Me. Jordaan, Middleton, Schoeman, Nieuwoudt en Wessels**

6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

8. **Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING A:  LEESBEGRIP**

**VRAAG 1:  TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Teks A**

# Besoek Solidariteit, Helpende Hand se "Ons Winkels" en Spaar!

4 Oktober 2023

Promosie




(foto: Ons Winkel / Facebook)

1. Jy kan "Ons Winkels" regoor Suid-Afrika in 127 verskeie gemeenskappe (communities) vind. In hierdie winkels kan jy baie goeie produkte teen bekostigbare pryse kry terwyl jy ook 'n verskil in die gemeenskap kan maak.

2. Enige klere wat jy nie meer dra nie of enige item wat jy nie meer wil hê nie, is welkom by "Ons Winkels". By "Ons winkels" kan jy dus items koop en skenk (donate).  Alhoewel daar baie ander plekke is waar jy jou items kan skenk, kry Helpende Hand se "Ons Winkels" die gemeenskap betrokke (involved) en hulle is

bewus van die ekologie. Deur jou ongewensde goedere, aan hierdie winkels te skenk, maak jy ‘n positiewe impak op jou gemeenskap én die planeet.

3. Die geld wat deur elke winkel gemaak word, gaan terug na Solidariteit Helpende Hand. Hierdie geld word gebruik om mense in nood te help. Die gemeenskap, en die area waar die winkels is, baat uit die winkel omdat verskillende streek- en gemeenskapsprojekte geld van “Ons Winkels” kry. Elke winkel word volgens area verdeel en geld uit hierdie spesifieke winkels word dan maandeliks in ‘n gesamentlike streekfonds betaal. Hierdie streeksfonds word dan gebruik vir die gemeenskap. Selfs studente wat finansiële hulp nodig het, kry hulp in die vorm van rentevrye (interest free) studielenings.

4. Hierdie geld word ook dan gebruik om maatskaplike werkers (social workers) te huur. Hierdie maatskaplike werkers help om probleme in gemeenskappe op te los, en om gemeenskappe te help ontwikkel. Jy sal hierdie maatskaplike werkers en hulp-maatskaplike werkers in elke provinsie van Suid-Afrika vind.

5. As jy steeds wonder of jy “Ons Winkels” moet besoek, is hier nou ‘n paar redes waarom ‘n inkopietog na “Ons Winkels” jou en jou gemeenskap baie goed sal doen:

- Jy gaan allerhande interessante dinge by “Ons Winkels” vind. “Ons Winkels” het ‘n wye reeks van items, selfs items wat jy nêrens anders sal vind nie. Hierdie unieke produkte gee jou die kans om iets spesiaal teen ‘n sakvriendelike prys te kry. Van die interessante items wat aan die “Ons Winkels” geskenk is, was onder meer ‘n handverwarmer uit 1950




Handverwarmer uit 1950. (Foto verskaf deur Ons Winkels)

- Herwin en hergebruik. Deur tweedehandse items by “Ons Winkels” te koop, help jy die omgewing met herwinning. Dit beteken daar is minder afval en ‘n groener planeet. Baie van ons kosbare winkeleienaars neem hulle eie inisiatief met die

mooimaak en herwin van items wat die publiek skenk. Hulle verbeter die item en verkoop dit weer in hulle winkel. Dit is hoe ou boeke, skinkborde en breekware nuwe lewe kry.

- Ondersteun 'n goeie doel. Elke keer as jy by "Ons Winkels" koop, help jy die Helpende Hand met hulle werk. Jy help nie net jouself spaar nie, maar jy gee terug aan jou eie gemeenskap.

6. Dink daaraan – elke keer as jy by "Ons Winkels" inkopies doen, doen jy meer as net koop. Jy maak 'n verskil. En daar's geen beter gevoel as om te weet dat jy jou geld goed spandeer het nie.

7. So, as jy volgende keer daaraan dink om inkopies te doen, dink aan "Ons Winkels". Spaar geld en ondersteun 'n goeie doel. Dit is 'n wen-wen situasie vir almal!

8. As jy items het wat jy graag wil skenk, besoek gerus die webwerf www.onswinkel.co.za en só kan jy jou naaste winkel opspoor waar jy jou skenkings kan aflaai.

Effens verwerk uit: Bron:https://maroelamedia.co.za/goeiegoed/goeie-nuus/ons-winkels-spaar-terwyl-jy-jou-gemeenskap-ondersteun/

Vrae:

1.1. Hoeveel "Ons Winkels" is daar in Suid-Afrika? (1)

1.2. Noem **2** voordele (advantages) om by "Ons Winkel"s te koop. (2)

1.3. Haal **18 opeenvolgende woorde** aan wat vir ons sê watter soort items die publiek aan "Ons Winkels" kan skenk. (1)

1.4. Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan die vraagnommer en die KORREKTE letter neer.

By "Ons Winkels" kan jy:

A. splinternuwe items koop.
B. duur ontwerpers items koop.
C. tweedehandse items koop.
D. oudhede koop (1)

1.5. Kyk na paragraaf twee.

Die volgende stelling is WAAR.

In Suid-Afrika is daar verskillende organisasies waar jy items kan skenk.

**Haal aan** om te motiveer waarom die stelling WAAR is. (1)

1.6. Lees die volgende stelling:

Jy kan ‘n positiewe impak op jou <u>gemeenskap</u> maak.

Sê in jou **eie woorde** wie/wat jou gemeenskap is. (1)

1.7. Haal **2 opeenvolgende woorde** aan wat min of meer dieselfde beteken as items wat jy nie meer wil hê nie. (1)

1.8. Wat is die **naam** van die organisasie wat “Ons Winkels” bestuur? (1)

1.9. Hoe word die winkels verdeel? (1)

1.10 Waarom kry sommige studente rentevrye studielenings? (1)

1.11. Kyk na paragraaf 4.

Dink aan 1 tipe gemeenskapsprobleem wat deur die maatskaplike werkers opgelos kan word. (Jou eie idee). (1)

1.12. Waar is die maatskaplike werkers geleë? (1)

1.13. Kyk na paragraaf 5.

Wat noem ons dit as iemand baie inkopies doen? Gee **een** woord. (1)

1.14.1. Gee 1 rede waarom dit ‘n goeie idee is om by “Ons Winkel” te koop. (1)

1.14.2. Verduidelik waarom sommige mense nie by “Ons Winkel” sal koop nie. (1)

1.15. “Ons Winkels” verkoop net 1 tipe produk.

1.15.1. Stem jy saam met die stelling hierbo? Ja/Nee?

1.15.2. Motiveer jou antwoord. (1)

1.16. Watter WOORD dui aan dat jy ‘n spesiale item <u>vir ‘n goeie prys</u> by “Ons Winkel” kan koop? (1)

1.17. Watter interessante item uit die vyftigerjare is aan “Ons Winkel” geskenk? (1)

1.18. Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

“Baie van ons kosbare winkeleienaars neem hulle eie inisiatief met die mooimaak en herwin van items wat die publiek skenk. Hulle verbeter die item en verkoop dit weer in hulle winkel.”

Die winkeleienaars word as kosbaar beskryf.

1.18.1. Wat beteken die onderstreepte woord?  Kies die woord tussen hakies om die sin korrek te voltooi.

Solidariteit Helpende Hand dink dat die winkeleienaars ( waardevol / waardeloos ) is. (1)

1.19. Kyk na paragraaf 6.

1.19.1. In wie se lewe maak jy 'n verskil as jy by "Ons Winkels" koop? (1)

1.19.2. Hoe voel mens as jy jou geld goed spandeer het? (1)

1.20. Kyk na paragraaf 7.

"Dit is 'n wen-wen situasie vir almal."

Wat beteken dit?

Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan die LETTER neer.


A. "Ons Winkel" wen
B. Die skenker en die koper wen.
C. Die arm mense wen.
D. Die ryk mense wen. (1)

1.21. Hoe kan jy jou naaste "Ons Winkel" vind? (1)

(24)

**TEKS B: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




1.22. Wat is die gesin se van? (1)

1.23. Die volgende stelling is Onwaar.

Die gesin het nie ‘n troeteldier nie.

Motiveer hoekom dit onwaar is. (1)

1.24. In watter dorp woon die gesin? (1)

1.25. Waarom vier die gesin fees? (1)

1.26. Waarom is dit ironies dat die seun nie feesvier nie? (1)

1.27. Dink jy Boeta dink dit is ‘n mylpaal om te slaag? Motiveer jou antwoord. (1)

(6)

**Totaal vir afdeling A: (30)**

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

**Wenke om minder skaam te wees**

**INSTRUKSIES**

1. Som SEWE wenke om minder skaam te wees in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die feite puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**Wenke om minder skaam te wees:**

As ‘n vreemde persoon by ‘n partytjie met jou gesels, moenie dadelik onttrek nie. Hoor wat die persoon te sê het, en probeer ‘n geselsie aanknoop, al kom jy agter dat julle nie baie in gemeen het nie.

Word deel van ‘n spansport soos netbal of rugby: aangesien jy en die spanlede ‘n gemeenskaplike doelwit het, sal dit die kommunikasieproses vergemaklik.

Verander jou voorkoms: gaan vir ‘n haarsny, koop ‘n paar nuwe kledingstukke en dra grimering wanneer jy uitgaan. Jy sal dalk beter oor jouself voel en meer selfvertroue hê.

Dit mag dalk simpel klink, maar probeer om met vreemdelinge oogkontak te maak, vir hulle te glimlag en selfs party van hulle te groet.

Dink aan dinge wat jou skaam maak, en dan oefen jy om daaraan te werk, byvoorbeeld, as jy met iemand in jou klas wil gesels, oefen dit voor die spieël.

Groot groepe met onbekende mense mag jou dalk net meer teruggetrokke maak. Probeer om deel te wees van ‘n klein vriendegroep.

Moet jou nie met ander mense vergelyk nie – konsentreer op dit waarin jy goed is, en neem altyd komplimente kop toe.

**Bron: Die Burger, 2 April 2014**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (Teks D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**



(3.1) Baie koue **ROOMYS** teen 'n **AFSLAG** prys.

(3.2.) aanstaande week.

(3.3) Moet dit nie misloop nie
Maandag tot Donderdag.

(3.4.) 7:30nm. tot 9:30nm. (3.5.) Dit het die beste smaak.

Meer as 30 (3.6.) geur om van te kies. Die (3.7.) lekker roomys in Hillcrest

(3.8) Sensasioneel Soet Ryk Romerig

3.1. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord in hakies.

(Baie koue) roomys teen ‘n afslag prys. (1)

3.2. Gee die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

Die afslag is (aanstaande) week van toepassing. (1)

3.3. Moet dit nie misloop nie.

Gebruik enige **advertensietegniek** om die sin hierbo meer trefkrag te gee. (1)

3.4.1. Is die afslag (discount) aanbod vir gedurende die dag of die nag?

3.4.2. Motiveer jou antwoord. (1)

3.5.1. Sê of die volgende sin ‘n MENING of ‘n FEIT is.

Dit het die beste smaak. (1)

3.5.2. Waarom sê jy so? (1)

3.6. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Maar as 30 (geur) om van te kies. (1)

3.7. Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Die (lekker) roomys in Hillcrest. (1)

3.8. Die woorde Sensasioneel en Soet wat, aan die einde van die advertensie, op mekaar volg, is ‘n voorbeeld van:

A. Personifikasie.
B. Alliterasie.
C. ‘n Vergelyking.
D. ‘n Metafoor. (1)

3.9. Waarom dink jy is die afslag (discount) juis Maandag tot Donderdag van 7.30nm. tot 9.30nm.? (1)

**(10)**

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die spotprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




4.1. Skryf die sin hieronder in die VERLEDE TYD.

Die dronk dief het die leeus in die sak. (1)

4.2. Hoe weet ons die man het nog alkohol aan hom? (1)

4.3. Watter woord sê vir ons dat die man nie môreoggend so goed gaan voel nie? (1)

4.4. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies om die sin mee te voltooi.

Leeus is (veiliger/gevaarliker) as skape. (1)

4.5. STEL DIE VRAAG sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord is.

Die woorde Hakuna Matata kom uit <u>die Lion King fliek.</u> (1)

4.6. Die man sê dat hy "gespook" het om die skapies te vang.

Wat bedoel hy hiermee?

Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die LETTER neer.

A. Die man is 'n spook.
B. Dit was maklik om die skapies te vang.
C. Dit was moeilik om die skapies te vang.
D. Die skapies gaan by die man kom spook. (1)

4.7. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Die man in hierdie spotprent is (baie dronk). (1)

4.8. Verduidelik in jou eie woorde hoekom hierdie spotprent snaaks is? (2)

4.9. Gee die VERGROTENDE TRAP van vergelyking van die woord tussen hakies.

Leeus is (swaar) as skape. (1)

**(10)**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (Teks F) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1. Lees die artikel en beantwoord die vrae

**TEKS F: ARTIKEL**

## Olimpiese Spele

Die Olimpiese Spele is altyd ‘n opwindende gebeurtenis op enige sportkalender. Die Spele word vanjaar tussen 26 Julie en (5.1.) (11) Augustus in Parys, Frankryk, aangebied en Suid-Afrika sal waarskynlik weer na ‘n paar van die 5.2.(swemmer) kyk om met die goud-, silwer- en bronsvertonings vorendag te kom.

5.3.(Tatjana Schoenmaker sal weer mik vir goud in haar voorkeur item, die 200m-borsslag in Frankryk.)

Opkomende sterre soos Lara van Niekerk en Pieter Coetzé het ook hul 5.4 (oog) op medaljes in die swembad, terwyl Chad le Clos weer 5.5. (dalk vir oulaas) gereed is vir ‘n kollig oomblik.

Die Blitsbokke, (5.6.) (van) Suid-Afrika, sal eers in Monaco moet uithaal en wys as hulle vir die Olimpiese skouspel in Parys wil kwalifiseer.

Op die atletiekfront moet Akani Simbine (100m) die gunsteling wees om ‘n medalje los te hardloop, terwyl Wayde van Niekerk alles in die stryd sal werp om die horlosie op die 400m-baan terug te draai.

Hou gerus ook vir Gerda Steyn dop – sy het onlangs ‘n 5.7. (goed) vertoning in Valencia gelewer en wanneer alles reg loop kan sy ‘n medalje in die marathon wedloop inoes.

5.1.1. Skryf die GETAL tussen hakies as ‘n woord.

Die Spele word vanjaar tussen 26 Julie en (**11**) Augustus in Parys, Frankryk, aangebied. (1)

5.1.2. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Suid-Afrika sal waarskynlik weer na ‘n paar van die (swemmer) kyk. (1)

5.1.3. Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Tatjana Schoenmaker sal weer mik vir ‘n goud in haar voorkeur item, die 200m borsslag in Frankryk. (1)

5.1.4. Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies.

Pieter Coetzé het sy klein (oog) op ‘n medalje. (1)

5.1.5. Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Chad le Clos swem dalk vir oulaas.  Hy word nou oud. (omdat) (1)

5.1.6. Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in 'n sin sodat die betekenis duidelik is.

Die Blitsbokke, kom (van) Suid-Afrika. (1)

5.1.7. Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Hou gerus ook vir Gerda Steyn dop – sy het onlangs 'n (goed) vertoning in Valencia gelewer. (1)

5.1.8. Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM.

Akani Simbine is die gunsteling om 'n medalje los te slaan. (1)

5.1.9. Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.

Die (Olimpiese) Spele is altyd 'n opwindende gebeurtenis op enige Sportkalender. (1)

5.1.10. Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Die 100m wedloop sal _____ 8:00 begin. (1)

5.1.11. Skryf die sinne in die LYDENDE VORM.

A. Gerda Steyn hardloop die marathon. (1)
B. Die swemmers sal elke paar jaar medaljes wen. (1)

5.1.12. Vul die nodige LEESTEKENS in.

suid-afrika het swemmers atlete rugbyspelers wat aan die olimpiese spele deelneem (1)

5.1.13. Kies die BETREKLIKE VOORNAAMWOORD tussen hakies om die sin korrek te voltooi.

Chad le Clos is die man (wat/wie) se Olimpiese loopbaan amper verby is. (1)

5.1.14. Skryf die volgende sin oor, begin soos AANGEDUI.

Alle Suid-Afrikaners moet die land se atlete ondersteun.

Alle Suid-Afrikaners behoort... (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



5.2.1. Vul die ONTBREKENDE WOORD in.

Hierdie seun is besig om in die _________ te werk. (1)

5.2.2. Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Die plante het sonskyn en reën nodig. (1)

5.2.3. Skryf die HELE sin hieronder oor in die korrekte WOORDORDE.

Die seun, agter sy huis, geplant, 2 maande gelede, het, sy groentetuin. (1)

5.2.4. Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Die seun gebruik 'n (graaf/hark) om die grond om te spit. (1)

5.2.5. Gee die korrekte AFRIKAANSE woord vir die woord tussen hakies.

Hy het aartappels, uie en (*carrots*) gegroei. (1)

**(20)**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**